

RIGLYN VIR DIE OPSTEL VAN 'N BEDIENINGSPLAN WAT DIE AANSOEK OM SUSTENTASIE MOET VERGESEL

Die volgende word as riglyn voorgehou waaraan 'n bedieningsplan voldoen:

(Hier word die doel van die Sustentasiefonds as verwysingsraamwerk gebruik, omdat dit uit die Skrif geneem is – **Handelinge 2006:277, punt 3**)

1. Verduidelik waarom die gemeente in die Koninkryk van God *bestaan*. (Vgl. Matt 5:10 – 16; Matt 28:19)
2. Verduidelik waarom die gemeente in die Koninkryk van God moet *voortbestaan*. (Vgl. Openb. 3:5)
3. Hoe dink u as kerkraad wil God julle gemeente oor 5 jaar in die uitbreiding van sy koninkryk sien? (Vgl. Hand 2:46 en 47)
4. Wat gaan die volgende dienste in die volgende jaar doen:
 - Predikant (volgens art 16 KO en die Bevestigingsformulier vir bedienaars van die Woord. Gee asb omskrywing bv. Temaprediking, huisbesoek ens.)?
 - Ouderlinge (volgens art 16 en 23 KO en die Bevestigingsformulier vir Ouderlinge. Bepaalde Temas vir huisbesoek met die oog op die geestelike opbou van lidmate)?
 - Diakens (volgens art 25 KO en die Bevestigingsformulier vir Diakens. Gee verduideliking van werkswyse van diakonie veral ten opsigte van die gemeente se aktivering tot liefdesdiens)?
 - Die lidmate (volgens Heidelbergse Kategismus, Sondag 12 en Sondag 21)
5. Wat beplan die gemeente vir *evangelisering* volgens Matt 28 (sien Handelinge 2006:277, punt 3.1) ter wille van die uitbreiding van die koninkryk?
 - Hoeveel lidmate is deur evangelisering in die afgelope 3 jaar tot die gemeente toegevoeg?
 - Hoe beplan die gemeente die uitreiking na en evangelisering van ander taalgroepe?
 - Hoe is u gemeente betrokke by die nood in die gemeenskap? (vgl. Matt 25:31 e.v.)
6. Hoe word die jeug (skoolgaande en naskools) bedien en toegerus om meewerkers te word in die uitbreiding van die koninkryk?
7. Hoe word die gemeente se dankbaarheid teenoor die Here vir sy genade in die praktyk vergestalt? (bv. in dankoffers, diens, meeleving, ens.)

Hierdie vrae is bloot 'n riglyn om u as kerkraad aan die dink te sit. Indien u bepaalde projekte aangepak het of verder beplan, is u welkom om dit ook as deel van u plan in te voeg.